

## 2. Klankleer

Die Afrikaanse spraakklanke word op grond van hul kenmerke in drie groepe verdeel, naamlik: vokale, konsonante en diftonge.

### 2.1 Vokale

Hierdie klanke word in die spraakkanaal gevorm sonder enige afsluiting of versperring van die lugstroom deur die spraakkanaal. Die stembande tril wanneer hierdie klanke uitgespreek word, byvoorbeeld: a, e, o, i, u. Hoewel daar slegs vyf letters is wat in die alfabet vokaalklanke voorstel, is daar nagenoeg 21 vokale in Afrikaans.

Vokale word gekenmerk deur hul helderheid, suiwerheid en klankvolheid; daar kom geen skurings, wrywings of geruise in die uitspreek daarvan voor nie. Daarteenoor word konsonante, wanneer hulle gevorm en uitgespreek word, gekenmerk deur skurings, wrywings en geruise.

Wanneer die Afrikaanse vokale geartikuleer word, laat die uitgaande lug (dit wil sê: die asem) die stembande (of stemlippe) tril. Geen geruis of skuring word verder gehoor as die lug deur die keel-, neus- en mondholtes na buite gaan nie.

Die vokale is dus stemhebbend en word gevorm wanneer die lugstroom vrylik deur die mondholte vloeи.

Vokale: a e i o u    Onthou; oe = een vokaal    aa = een lang vokaal  
                       ie = een vokaal    eu = een vokaal  
(Bogenoemde is nie diftonge nie.)

Daar is 26 letters in ons alfabet, maar eintlik is daar baie meer spraakklanke. Die alfabet bestaan uit letters a, e, i, o, u, wat die vokaalklanke voorstel. Die oorblywende letters (behalwe y) stel die konsonantklanke voor.

Spreek die volgende woorde hardop uit:  
ken              hek              verbaas

Watter afleiding kan jy daaruit maak? Een letter kan verskillende klanke voorstel!

Rek die volgende klanke so ver as moontlik uit:

“a” “b”

Wat merk jy op?

By die vokaal (a) beweeg die lugstroom vry deur jou keel- en mondholte. By die konsonant (b) word die asemstroom versper, gewysig of afgesluit (deur jou lippe toe te maak).

Vir sekere vokale moet jy jou lippe rond maak as jy hulle uitspreek, terwyl ander met spleetvormige lippe uitgespreek word.

## 2.2 Diftonge

Word ook sonder enige afsluiting of versperring in die spraakkanaal gevorm, maar die klank begin as een vokaal en verander dan gedurende die uitspraak sodat dit in 'n ander vokaalklank oorgaan. Omdat diftonge vokale as basis het, tril die stembande ook tydens die uitspraak daarvan.

aai, ou, ui, ei, y, eeu, oi, ooi, oei, is voorbeeld van diftonge.

Onthou: soen is géén diftong nie MAAR soentjie (soeintjie) = diftong

'n Diftong of tweeklank word gevorm wanneer twee vokale saamsmelt en as een klank uitgespreek word, maar elkeen behou sy eie klank (daar is dus twee klanke).

Let wel: Die vokale "ie", "oe", en "eu" veroorsaak dikwels verwarring. Hulle is nie diftonge nie, maar wel enkele vokaalklanke.

## 2.3 Konsonante

Hierdie klanke word gevorm deurdat die lugstroom in die spraakkanaal versper word of selfs tydelik afgesluit word. Die stembande tril gedurende die artikulasie van die oorgrote meerderheid konsonante. Wanneer die stembande tril, word die klanke stemhebbend genoem. In Afrikaans kom daar slegs ses klanke voor waar die stembande nie tydens die artikulasie daarvan tril nie. Hierdie ses klanke is stemloos. Die ses stemlose klanke is: k, s, f, x, p en t.

Die Afrikaanse klanke is ingedeel volgens die wyse waarop dit in die spraakkanaal gevorm word en dit word artikulasie genoem.b, l, m, n, is voorbeelde van konsonante.

Onthou: psigiater = ps = een konsonant  
Jannie = nn = een konsonant

Konsonante word op twee verskillende maniere onderskei:

a. Volgens stem - die klank is dus stemhebbend of stemloos

Stemhebbende klanke  
lug laat stemlug tril, soos  
by alle vokale en diftonge  
en by sommige konsonante

Stemlose klanke  
stemlippe tril nie  
wanneer sommige  
konsonante gevorm word nie  
(slegs k, s, f, x, p en t)

b. Volgens wyse of manier van vorm

## Ekspløsief

### Frikatief

Gevorm wanneer lugstroom êrens  
in die spraakkanaal afgesluit en

Gevorm wanneer lugstroom  
êrens in spraakkanaal vernou

skielik weer ontsluit word: p, b, t, k	word en 'n skuurgeluid ontstaan: f, v, x, s, z
Lateraal	Triller
Gevorm wanneer lugstroom langs die sye van die tong na buite beweeg: l	Gevorm wanneer klein-tongetjie tril: r
Nasaal	Affrikaat
Gevorm wanneer lugstroom deur die neus gaan: m, n, l	Gevorm wanneer 'n eksplosief en 'n frikativ so te sê gelyktydig direk na mekaar uitgespreek word: (t) tjap; (ts) tsaar, tsotsi.

## 2.4 Klankgrepe

Ons hoor klankgrepe as ons praat. Die volgende woorde het net een klankgreep: van, het, dat, kom, ou, wat, by. Woorde wat uit meer as een klankgreep bestaan, het gewoonlik 'n hoofklem op een van die klankgrepe: skielik, ysige, skaduwee, amper, eerste, bottel, koejawel, krieket.

Woorde kan verdeel word in klankgrepe en lettergrepe:

jak-kals = lettergrepe	ja-(k)kals = klankgrepe
mod-der = lettergrepe	mo-(d)der = klankgrepe
tas-se = lettergrepe	ta-(s)se = klankgrepe

Verdeling volgens lettergrepe word in woerdeboeke aangegee en lewer in die meeste gevalle nie probleme op nie. Klankgrepe is verdeling volgens uitspraak. In Afrikaans skei ons woorde gewoonlik volgens lettergrepe, byvoorbeeld by die afbreek van 'n woord aan die einde van 'n reël. 'n Oop lettergreep eindig op 'n letter wat 'n vokaalklank (a, e, i, o, u) of 'n diftong voorstel, terwyl 'n geslote lettergreep op 'n letter eindig wat 'n konsonantklank voorstel. In diewoord "rakke" is rak- 'n geslote lettergreep en -ke 'n oop lettergreep.

### 2.4.1 Skeiding van woorddele by skryf

Dikwels moet 'n woord aan die einde van 'n geskrewe of getikte reël afgebreek word. Hierdie skeiding van woorddele kan nie willekeurig gedoen word nie. Wat van groot belang is, is dat uitspraak in die meeste gevalle voorrang geniet, byvoorbeeld: huigelaar in plaas van huigel-aar: Ons skei dus meestal volgens die klankgrepe. Die volgende wenke behoort baie te help:

- Waar twee eenderse letters langs mekaar staan, val die skeiding altyd tussen die twee: kas-sie, res-sor-teer, ensovoorts.
- Waar drie of meer medeklinkers tussen klinkers staan, val die skeiding dikwels na die eerste medeklinker: kon-sta-bel, wer-skaf, kon-stant, ens
- 'n Deelteken toon aan waar afgebreek moet word: spie-ël, di-ë-te, be-ein-dig.

- Die skeiding val altyd tussen n en g: lan-ger, en-gel, ge-dwon-ge.
- Die s en j word nie geskei waar dit net een klank verteenwoordig nie: bro-sju-re, ka-sjet.
- Waar klinkers en tweeklanke nie in dieselfde lettergreep staan nie, kom die skeiding tussen hulle: frai-ings, sker-pi-oen, pi-on.
- By verkleiningswoorde met 'n stam op -d of -t kom die skeiding altyd voor -tjie: rand-jie, klou-tjie.

## 2.5 Korrekte uitspraak

Nie alle Afrikaanssprekendes spreek die taal presies eenders uit nie. Die een variëteit is ook nie noodwendig beter as die ander nie. Die standaardvorm het egter 'n voorsprong op die ander, want in opvoedkundige inrigtings, kerke en howe, asook oor die radio en TV hoor ons normaalweg Standaardafrikaans.

### Klem

In meerlettergrepige woorde word 'n bepaalde lettergreep beklemtoon. Kyk na die volgende woorde en let op watter lettergreep die hoofklem dra en spreek hulle hardop en korrek uit:

alfabet	telegram	rangskik	minister
telefoon	toenemende	ambulans	mikrofoon
gelykoosde	kontak	paragraaf	heelal
kontrak	fotograaf	Gordonsbaai	

## 2.6 Klankverskynsels

### 2.6.1 Ronding, ontronding en oorronding

#### 2.6.1.1 Ronding

Wanneer woorde soos skeur, muur, ensovoorts uitgespreek word, is lippe gerond. Ronding is wanneer vokale korrek gerond uitgespreek word: deur word uitgespreek as duur.

Geen ronding: wanneer woorde soos tien en riet uitgespreek word, word die lippe nie vorentoe uitgesteek nie, dit wil sê geen ronding vind plaas nie.

#### 2.6.1.2 Ontronding

Wanneer woorde soos skeur as skeer of muur as mier uitgespreek word, praat ons van ontronding. Ontronding is wanneer 'n geronde vokaal spleetvormig uitgespreek word. Nog 'n voorbeeld is huis wat as hys uitgespreek word.

#### 2.6.1.3 Oorronding

Oorronding vind plaas wanneer sewe as seuwe of veel as veul of ma as mô uitgespreek word. Oorronding is wanneer 'n ongeronde of reeds geronde vokaal met die lippe in 'n oordrewe geronde posisie uitgespreek word. Nog voorbeeld is neef wat as neuf uitgespreek word.

## 2.6.2 Letteruitspraak

Dit beteken dat ons 'n woord uitspreek volgens die wyse waarop dit gespel is. Die meeste woorde in ons taal word wel so uitgespreek, byvoorbeeld: dan, stoel, maar, beskuit, en kan nie anders uitgespreek word as wat hulle gespel word nie.

As iemand egter die d in wonder baie duidelik uitspreek en nie amper wonner sê nie, maak hy hom skuldig aan letteruitspraak. Dieselfde geld vir die persoon wat balans uitspreek deur die n duidelik te laat hoor. Indien ons so praat, praat ons nie natuurlik nie; dan het ons bloot spelling in gedagte.

## 2.6.3 Assimilasie (Klankgelykmaking)

Dit kan omskryf word as die invloed van naburige klanke op mekaar. Dit beteken dat die klank onder die invloed van sy "buurman" 'n ander klankwaarde aanneem as wat hy self besit. Wanneer ons byvoorbeeld die woord onmoontlik uitspreek, word die n as 'n m uitgespreek en wel onder die invloed van die m wat net na die n volg. Die rede hiervoor is maklik om te verklaar: dit is baie makliker om die klanke nader aanmekaar in die mond te vorm. Daarom word die n gerieflikheidshalwe as 'n m uitgespreek. So vind klankgelykmaking of assimilasie plaas. Die h van die agtervoegsel "heid" word dikwels ook gelykgemaak aan die slot-konsonant van die stamwoord, byvoorbeeld: lawwigheid word uitgespreek as lawwiggeit. Twee opeenvolgende klanke word saam uitgespreek en as 't ware gelyk gemaak.

Algehele assimilasie: Die gelykmaakproses is algeheel en die klank val weg, byvoorbeeld: "ander" word "anner" en "op die" word "oppie".

Gedeeltelike assimilasie; Die gelykmaking is net gedeeltelik, die klank val nie weg nie, maar word aangepas, byvoorbeeld: "onpaar" word "ompaar" en "onmoontlik" word "ommoontlik".

## 2.6.4 Nasalering en vokalisering

Wanneer die lug vrylik deur die mond- en neusholte stroom, vind nasalering plaas. Eintlik is nasalering maar 'n besondere tipe assimilasie. As ons byvoorbeeld die woord gans sê, vind daar tog ook gelykmaking plaas, want die n-klank kan nie gehoor word nie, aangesien die lugstroom nie afgesluit word nie. Die vokaal (a-klank) word genasaleer omdat die lug deur die neus ontsnap en terselfdertyd word die n-klank gevokaliseer aangesien dit in die a-vokaal geassimileer word. Die klinker word lank uitgespreek. Nasalering gaan dus altyd gepaard met vokalisering in Afrikaans. (Daar vind gelykmaking tussen die nasale klank en die vokaal plaas, sodat hulle gelyktydig deur die neus uitgespreek word.)

Die volgende woorde word genasaleer: wens, sens, kans, gons, donsies, trens, krans, balans, verslons, dans, terwyl die n-klank in die volgende woorde behou word: wins, aanstaande, lans, tans, ens.

## 2.6.5 Vokaalreduksie (Vokaalverdowwing)

Soms gebeur dit dat 'n klinker in 'n onbeklemtoonde lettergreep tot die neutrale vokaal

-i soos in sit verswak. So word party soms as party uitgespreek en populier as popelier.

Vokale word in swak beklemtoonde lettergrepe gereduseer tot 'n i of e

a:	baklei = bikel;	o:	kolonel = kolinel;
u:	rumoer = rimoer	e:	president = prisident
i:	figuur = feguur		

Nog voorbeeld: probeer-prebeer; publiek-pebliek; konsulaat-konselaat; vanaand-venaand; fantaseer-fanteseer; dirigent-diregent; pastei-pestei; kontroleer-kontreleer; portuur-pertuur; status-statis; publiseer-pebliseer; reduseer-redeseer; soveel-sivvel;

## 2.6.6 Palatalisatie

Wanneer die g-klank en k-klank as gj (sj) en kj (tj) uitgespreek word, vind palatalisatie plaas. Die klank verskuif vanaf die sagte verhemelte na die harde verhemelte, dan hoor 'n mens gjeel in plaas van geel en kjies in plaas van kies.

Dus: as 'n ie na 'n k en g volg, is dit palatalisatie. Nog voorbeeld: gieter, kiekie, keel=kie/eel; bietjie = biekie en ook j soos in gjeld; kind - kjind; handjie - hainkie; mondjie - moinkie

## 2.6.7 Klanktoevoeging en klankweglating

'n Lewende taal is maar altyd onderhewig aan veranderings. So is daar met verloop van tyd klanke uit sommige woorde toegevoeg of weggelaat. Voorbeeld van klanktoevoeging is smôrens (des morgens), yster (ijzer) en reent (regen).

In die volgende woorde is klanke weggelaat: spens (dispens), apteek (apotheek) en lig (licht).

### 2.6.7.1 Klanktoevoeging (klankwins)

Daar is drie maniere waarop klanke aan woorde toegevoeg kan word:  
voor, middel/binne, agter/einde

Klank word voor aan 'n woord gevoeg (protese = voorwins): het raakt mij niet - dit traak my nie; des middags - smiddags; goeden avond - goeienaand; des morgens - smôrens; des avonds - saans;

Klank word in die middel/binne 'n woord ingevoeg (epentese = middelwins)

### Nederlands

visiteren  
eigenlijk  
gelegenheid  
ook: Afrikaans  
agtelosig  
skielik  
papier  
armer

### Afrikaans

visenteer  
eintlik  
geleenheid  
Afrikaans  
agterlosig  
skierlik  
pampier  
armder

Klank word aan die einde/agter 'n woord bygevoeg (paragoge = eindwins)

<b>Nederlands</b>	<b>Afrikaans</b>
aren	are
oven	oond
meteen	meteens
rekent	reken
begint	begin
iezegrim	iesegrimmig
koren	koring
doren	doring
eender	eenders
gesp	gespe

### 2.6.7.2 Klankweglating (klankverlies)

Daar is ook drie maniere waarop klanke uit woorde weggelaat kan word: voor/begin, middel/binne, agter/einde.

Klank word voor/aan die begin van die woord weggelaat (prokopee = voorverlies):

<b>Afrikaans</b>	<b>Afrikaans</b>
skoorsteen	koorsteen
dispens	spens
omnibus	bus

Klank word binne/in die middel van 'n woord weggelaat (sinkopee = middelverlies)

<b>Nederlands</b>	<b>Afrikaans</b>
spiegel	spieël
morgen	môre
weder	weer
over	oor
tover	toor
zegen	seën
vermogen	vermoë
's morgens	smôrens
zwager	swaer
bruggen	brûe
lager	laer
breder	breër
neder	neer
vallei	vlei
meestal	meesal
genoegen	genoeë

Klank word aan die einde van/agter 'n woord weggelaat (apokopee=eindverlies)

<b>Nederlands</b>	<b>Afrikaans</b>
drift	drif
nacht	nag
markt	mark

recept	resep
feest	fees
boven	bo
vracht	vrag
verzenden	versend
begeesterd	begeester
lopen	loop
breken	breek
kist	kis
beschaafd	beskaaf

## 2.6.8 Metatesis (Klankverspringing)

Verwys na die verskuiwing van klanke in 'n woord. Die rede waarom sprekers klanke in sekere woorde omruil, is kompleks. In die meeste gevalle is 'n r by die klankomruiling betrokke. Hier is 'n klompie voorbeelde:

pelsier vir plesier	trietsig vir triestig
perbeer vir probeer	truksvye vir turksvye
kurke vir krukke	Du Pelssis vir Du Plessis
krioel na kerjoel	darem na dammer
plaveisel na palveisel	probleem na perbleem
present na persent	granaat na garnaat

## 2.6.9 Uitspraakfoute onder invloed van Engels

Dokjoement (dokument), Joenie (Junie), Iendië (Indië), mouter (motor), oppera (opera), djoeët (duet), soeper (super), ienterskole (Interskole), skram (skrum), tempou (tempo), modderator (moderator).